# MEMORANDUM AANGAANDE DIE PLEK VAN GESKIEDENIS IN DIE ONDERWYSPROGAM*

By die bepaling van die plek van enige vak in die kurrikulum van die skool is dit noodsaaklik dat ingegaan word op die besondere bydrae wat daardie vak tot die verwesenliking van die onderwysdoelstelling kan lewer omdat die inhoud in die eerste instansie deur die doel bepaal word.

In algemene terme beskryf, is opvoeding leiding aan en vorming van die kinders van die volk tot volwassenheid, in die regte verhouding tot hul medemens en tot die eer van God. Die Christen-opvoeder moet elke kind lei sodat sy innerlike gawes ontwikkel en ontplooi en hy ook gevorm word volgens die lewens- en wêreldbeskouing van die besondere volk waartoe so 'n kind behoort. Die *hele* mens moet opgevoed word en geen aspek van sy bestaan kan uitgesluit word nie. Dit betref die mens in sy verhouding tot God en sy mede-mens, tot die natuur en die kultuur. Hy lê nie soos die naturalis 'n eensydige nadruk op die natuur of soos die idealis op die kultuur nie, of soos die pragmatis op die interaksie tussen die mens en sy veranderende fisiese en sosiale omgewing nie. Vir hom het die opvoeding 'n omvattende doel. Dit strewe na kennis en vaardigheid, na etiese en estetiese vorming, na selfverwesenliking, na sosiale bruikbaarheid, na nuttige burgerskap en beroepsbekwaamheid ens., met die uiteindelike ideaal van kennis en in diens van God.

Indien die doelstellings met die onderrig van Geskiedenis getoets word aan die bydrae van die vak tot die verwesenliking van die algemene doelstellings van die onderwys soos hierbo uiteengesit, word dit duidelik dat min ander skoolvakke soveel tot die verwesenliking van die omvattende onderwysdoel kan bydra en dat geen ander vak sekere besondere bydraes soos die geskiedenis kan lewer nie. Hierdie feit vereis dat Geskiedenis 'n verpligte vak in al ons skole moet wees. Die feit dat dit reeds in sekere provinsies in die primêre skool verpligtend is en in Transvaal selfs tot st. 8, is 'n stap in die regte rigting maar voldoen nie aan hierdie spesiale vereistes nie. Die opvoeding van die hele mens eindig immers nie by st. 8 of op die ouderdom van ongeveer 15 tot 16 jaar nie en die lewensjare van ongeveer 16 tot 18 is so belangrik in die psigologiese ontwikkeling van die adolessent, dat die onderwys van Geskiedenis die grootste trefkrag en die vrugbaarste vormende waarde vir die leerling mis indien dit nie 'n plek in die volle kurrikulum van die middelbare skool kry nie.

By die volgende kort opsomming van wat met die onderrig van Geskiedenis beoog word, word enkele doelstellinge feitlik net genoem omdat aanvaar word dat dit so algemeen bekend is dat nadere omskrywing daarvan nie nodig is nie. Aan ander word meer aandag geskenk omdat

* Die Dagbestuur van die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* het die samestellers van onderstaande Memorandum gevra om dit op te stel na aanleiding van die wens van Sy Edele Sen. dr. Jan de Klerk, Minister van Binnelandse Sake, Onderwys, Kuns en Wetenskap.

daaruit veral baie duidelik blyk waarom Geskiedenis 'n verpligte vak in die leerplan behoort te wees.

Die onderwys van Geskiedenis bring vir die kind 'n begrip van die werklikheid van die wêreld buite sy eie omgewing en land; dit verbreed sy beperkte horison en maak hom los van sy eie naïewe tydsbelewing. Dit bring vir hom ook die werklikheid van die verlede en van die wêreldgeskiedenis.

Die studie van die Geskiedenis bring vir die mens ook nuttige kennis wat nie tot die verlede beperk bly nie, maar wat die wortels van die beskawing blootlê en waardeur die eie tyd, belaai met probleme, belig word en wel op so 'n wyse dat geen indiwidu, en veral die volksleier, enige onderwerp kan bestudeer of enige saak met sukses kan aanpak sonder om eers te vra wat die historiese verloop daarvan was nie. Die onskatbare waarde van die Geskiedenis in hierdie opsig hoef nie verder beredeneer te word nie.

As verdere doelstellings van die geskiedenisonderrig word ook gestel die aankweek van 'n historiese sin en van 'n nugtere oordeel of besinnende houding in die lewe. Daar word ook op die etiesvormende waarde van die vak gewys. Omdat die Geskiedenis die leerling gedurig in aanraking bring met die menslike gees en sy uitinge op verskillende terrein, gee dit hom 'n insae in die menslike aard en die menslike verhoudinge deur die eeue heen. Hy maak kennis met die groot historiese persoonlikhede en met hul magtige ideale; hulle inspireer hom om ook verhewe ideale te koester en na te strewe en so oefen die studie van Geskiedenis 'n sterk eties-vormende invloed uit.

Allerweë word erken dat Geskiedenis by uitstek die vak is wat sy insluiting in die leerplan regverdig deur sy opvoeding van die kinders tot staatsburgerlike verantwoordelikheid. Dikwels word Burgerkunde geneem as 'n vak wat die nodige staatkundige vorming bied, maar dit is onvoldoende, gaan gewoonlik net tot st. 8 en sluit nie konstitusionele geskiedenis in nie. Dit kan hoogstens 'n onderdeel van die Geskiedenisleergang uitmaak. Elke indiwidu moet kennis dra van die staatsinstellinge van sy land en die ontwikkeling daarvan en moet in staat wees om die plek van sy staat in die gemeenskap van volke te bepaal. Hy moet sy land en volk in die lig van internasionale verhoudinge kan sien. Die Geskiedenis skakel die kind in die bo-indiwiduele verbande in en maak van hom 'n verligte en nuttige burger wat met kennis van sake toegerus is en op kundige wyse kan meehelp om die staatsinstellinge in stand te hou en verder te help ontwikkel. Hy leer om wet en orde, sy vryheid, en die volkstradisies te eerbiedig.

Maar staatkundige vorming is nie die enigste aspek van staatsburgerlike opvoeding nie. Die hele opvoedingstelsel van elke land moet nasionaal wees, d.w.s. moet groei uit en gewortel wees in die verlede van daardie volk en moet die nasionale volkskarakter weerspieël. Die onderwys moet die kinders van die volk in die eie nasionale kultuur of hele geestelike erfenis inlei, tot liefde vir hul land, hul volk en alles wat hulle as lede van die volk eie is, sodat hulle kan opgroei tot nasieburgers wat op hul

beurt hul eie bydrae tot die volkskultuur, die volkskarakter en veral tot die vervulling van die volksroeping kan maak. Dit moet staatsburgers opvoed wat in 'n positiewe verhouding tot hul land en volk staan, met sy tradisies en aspirasies, sy verlede en sy toekoms. Dit moet sy bydrae lewer tot die lewende voortsetting, vernuwing en vooruitgang van die goeie in die nasionale tradisies en kultuur en langs die weg dien as 'n kultuurdraer en -uitbouer van die volk.

Maar so 'n nasionale opvoeding kan alleen plaasvind in en deur 'n eie kultuurmedium. Elke indiwidu is 'n deel van 'n besondere gemeenskap of volk en sy besondere aard word hoofsaaklik bepaal deur die nasionale geskiedenis, tradisie en erfenis waarin hy staan en waarmee hy ook wesenlik verbonde is. Geen kind kan in 'n vreemde of neutraal-kleurlose atmosfeer tot behoorlike ontplooiing en vorming kom nie; dit is slegs moontlik in en deur die kultuur van sy volk met wie hy onlosmaaklik verbind is. Die leerling moet dus doelbewus en stelselmatig in en by 'n bepaalde kultuurverband en kultuurgemeenskap ingelyf word en kan dan alleen tot 'n volwaardige mens en staatsburger ontwikkel en sy geestesewewig vind. In hierdie perspektief word opvoeding in sy wese die oordrag van die eie, van die volkstradisie, van die nasionale en daarom moet die beplanners van 'n nasionale onderwysstelsel vir die Republiek toesien dat hy 'n opvoedingstelsel daarstel wat voorsiening maak vir die egte nasionale opvoeding van die kinders, anders dra hulle regstreeks by tot die denasionalisering van die volk deur 'n neutrale of liberale onderwysstelsel wat reeds soveel skade aan die volk van die R.S.A. gedoen het. Baie ouers verkies om nie hulle kinders Geskiedenis te laat kies nie. Baie hoofde van hoërskole sê daar is nie meer plek vir hierdie vak in die leerplan nie. Opmerklik is dit dat hierdie toedrag van sake minder in Engelse as in Afrikaanse skole voorkom.

By die beplanning van 'n nasionale inhoud of leerplanne vir die onderwys in Suid-Afrika is dit dus absoluut essensieel dat die onderrig van die vak Geskiedenis, ná godsdiensonderrig en moedertaalonderrig, voorrang sal ontvang want meer as enige ander vak is die Geskiedenis by uitstek die draer van die kultuur en naas die moedertaal en die letterkunde van die moedertaal die enigste kultuurmedium tot verwesenliking van die nasionale onderwysdoelstelling.

Die Geskiedenisonderrig word egter nie gesien as 'n middel tot die aankweek van Chauvinisme of 'n enge patriotisme nie, maar dit moet die leerling in aanraking bring met die eie, die nasionale sowel as die algemene en moet so sy gesigsveld verbreed en sy horison uitskuif. Die geskiedenis as skoolvak mag nie gebruik word om 'n wig tussen die twee blanke bevolkingsdele van die R.S.A. in te dryf nie; die klem behoort te val op die positiewe bydraes van elke deel en nie op die strydpunte nie, want die geskiedenis het ook tog 'n belangrike taak om die mens in die regte verhouding tot sy medemens te stel.

'n Ander baie belangrike aspek wat by die bepaling van die plek van Geskiedenis in die leerplan van die skool, nie uit die oog verloor

moet word nie, is die gelowige siening van die geskiedenis. Die Christen-gelowige glo dat God hom op drieërlei wyse aan die mens openbaar, nl. deur Sy Woord, Sy Skepping en in die geskiedenis wat vir hom die openbaring van God se raadsplan met die wêreld word. Die geskiedenis self lê tussen die skepping en sondeval, en tussen die sondeval en Christus en die eindoordeel. God het die kousaliteit in die historiese gebeure gelê. Hy is die oorsprong van alle dinge en laat alles volgens die beginsel van teleologie uitleg op 'n einddoel, die eindoordeel.

Moet 'n Christenvolk dan nie 'n studie maak van die openbarings-geskiedenis van God nie? Of is die Christelik-nasionale doelstelling nie meer vir die volk van die Republiek erns nie?

Ten slotte wens ons ook nog die aandag te vestig op sommige van die baie stemme wat in die afgelope tyd oor dieselfde saak, wat hierbo bepleit word, opgegaan het en op belangrike uitsprake wat deur leidende persone in ons land in hierdie verband gegee is. Sonder om in besonderhede te tree, volstaan ons met die volgende kort opsomming in min of meer kronologiese volgorde:

(a) Die werk van die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika* op sy verskillende jaarlikse kongresse gedurende die afgelope tien jaar.

(b) Die kongres van 1963 van die Nasionale Party in Transvaal.

(c) Die Geskiedeniskonferensie in Stellenbosch op 10 en 11 April 1964, georganiseer deur die Kaapstadse tak van die *Historiese Genootskap van Suid-Afrika,* met samewerking van die Kaaplandse Onderwys-departement onder beskerming van die Universiteit van Stellenbosch.

(d) Die Geskiedeniskonferensie in Bloemfontein, 5 en 6 Junie 1964, georganiseer deur die Geskiedenisdepartement van die U.O.V.S. in samewerking met die O.V.S.O.V.

(e) Die belangrike F.A.K.-kongres oor *Ons Volk en die Geskiedenis,* Bloemfontein, Oktober 1964.

(f) Die kongres van die S.A.V.F. in Pretoria, 1965.

(g) Die kongres van die A.T.K.B. op die Suidkus, 1965.

(h) Toespraak van Sy Edele, Jan de Klerk, Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap te Potchefstroom, 16 Oktober 1965.

(i) Toespraak van die Eerste Minister, Sy Edele dr. H. F. Verwoerd, Heidelberg.

Prof. dr. A. G. Coetzee.
Prof. dr. J. J. Snyman.
Prof. dr. J. S. du Plessis,
Konvenor.